UIT DIE PEN VAN DIE CEO (5/22)
(Volg my op Twitter justchad_cga)
Justin Chadwick 4 Februarie 2022

"The conventional view serves to protect us from the painful job of thinking" John Kenneth Galbraith

CGA-DIREKTEURE

CGA-direkteure word deur hul streke vir 'n tydperk van twee jaar verkies. Die volgende Direkteure is onbestrede herkies om vanaf April 2022 tot Maart 2024 op die CGA Raad te dien: Hennie Ehlers en Hannes de Waal van Sondagsriviervallei; Charles Rossouw en Piet Engelbrecht van Senwes; Guy Whitaker van Limpoporivier; Paul Bristow van Zimbabwe; Jock Danckwerts van Oos-Kaapse Middellande; Tommie Landman van Hoedspruit; Phillip Dempsey van Patensie; en Jan Louis Pretorius van Letsitele.
Ben Vorster van Letsitele het uit die Direksie bedank, en sy pos sal deur Andries van Wyngaardt (enigste nominasie) gevul word.

CGA ROADSHOWS

Die CGA Roadshows sal in die latere deel van Februarie en Maart gehou word (besoek www.cga.co.za vir datums en lokale). Die agenda is soos volg:
Sessie Een: Verwelkoming, Huisreëls en Administrasie – sluit "anti-trust declaration", verkiesing van variëteits-fokusgroepe, CGA Direksie inligting en "members value proposition" in. **Sessie Twee: Navorsing** – wat implementering van die navorsingsplan en prestasies in jaar een van die verhoogde navorsingskapasiteit dek. **Sessie Drie: Logistiek** – wat pad, spoor, hawens en skeepvaart dek. **Sessie Vier: Marktoegang** – wat marktoegangdoelwitte vir 2022 dek. **Sessie Vyf: Inligting/intelligensie** – wat CGA se verskaffing en ontleding van inligting dek om te help met ingeligte besluitneming in die waardeketting. **Sessie Ses: Transformasie** – wat die werk van die Citrus Academy en CGA Grower Development Company dek. **Sessie Sewe: CGA Cultivar Company** – wat die werk van die CGA CC dek. En **Sessie Agt:** RBX – wat die aktiwiteite van River Bioscience en XSIT dek.
Daar sal 'n teepouse tydens die Roadshows wees, en 'n braai na die Roadshows. Ons bedank graag die volgende wat die Braai en drinkgoed geborg het: **Nedbank** (Patensie, Sondagsriviervallei, Oos-Kaapse Middellande, Ohrigstad/Burgersfort, Hoedspruit, Letsitele, Limpoporivier, Senwes, Onderberg en Nelspruit).

2021 SITRUSBOOMSENSUS: OPNAME VAN JONG BOORDE

Na die vroeëre beroep op sitrusprodusente verlede week, herinner CGA produsente om die Boomsensus-besonderhede vir nuwe boorde in te stuur – die boorde wat NIE in Nov/Des 2021 op die PhytClean-stelsel vasgelê is nie. Hierdie inligting word saamgevoeg om 'n begrip te kry van toekomstige sitrusvolumes, wat van kritieke belang is vir infrastruktuur-optimalisering en beplanning, en om uitdagings soos logistieke kwessies aan te spreek. 'n Templaat is geskep om hierdie proses te bestuur wat hier gevind kan word: TreeCensusDataFile. Gebruik dit asseblief en stuur die inligting aan CGA (portia@cga.co.za) teen nie later nie as 15 Februarie 2022.